5 Junie 2022

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

Psalm 104

ons **storie** ys**breker**

Wat is vir jou die mooiste natuurverskynsel in die hele wêreld wat jy al met jou eie oë gesien het? (bv Tafelberg, 'n kameelperd in die Kruger Willdtuin, 'n sonsopkoms oor Hartenbos se strand).
Sondag was Pinksterfees. Wat is die een ding wat jy hierdie Pinkster geleer het?

word **stil**

Word vir 'n oomblik doodstil. Haal diep asem.
Met elke asem wat jy inneem, sê jy vir die Here dankie vir sy genade.
En elke keer as jy jou asem uitblaas, loof jy die Here.
Asem in. Asem uit. Genade in. Lof uit.

GOD se **storie** wat sê **die Bybel**

Lees saam
Psalm 104

As daar tyd is,
lees dit uit verskillende vertalings.

GOD se **storie** **gesels** hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het. Raadpleeg NOUS se *Die Storie Agter Die Groot Storie* vir meer agtergrond info oor die gedeelte.
- Wat is die doel van God se skepping? Wat is vir jou die wonderlikste ding van God se skepping?
- Wat kan ons leer deur na die skepping te kyk? Hoe behoort 'n gelowige die skepping te hanteer? Hoe beïnvloed ons hantering van die skepping ons verhouding met die Here?
- Kyk na vers 30. Die Hebreeuse woord vir 'asem' en 'Gees' is dieselfde. Wat is die rol wat die Heilige Gees in ons lewe speel?
- Wat leer ons van God uit hierdie Psalm? Wat leer ons oor die mens?
- Waar het jy God die afgelope week sien werk? Hoe kan die Heilige Gees ons help om God te 'sien'? Hoe kan ons vir God wys hoe dankbaar ons is vir sy skepping?

ons **nuwe storie**

Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor:

Pak as groep 'n projek aan in jul omgewing om God se natuur te beskerm en versorg

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Hoe kan ons vir mekaar hierdie week bid?
Het enige iemand spesifieke gebedsbehoeftes? Teken dit aan.
Watter gebede wat julle hier genoem het, is reeds verhoor?